Verwysing: 20160720-2469
5/8/4/1/2
Navrae: A Henriques

Omsendbrief: 0025/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare hoërskole

Kort opsomming: *Inkrementele implementering van Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) literatuur vir graad 12 in 2017.*

Onderwerp: Inkrementele implementering van Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) literatuur vir graad 12 in 2017

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief S13 van 2015 oor die inkrementele implementering van die jongste Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) literatuur vanaf 2016 tot 2018 uitgereik.

2. Hierdie omsendbrief vereis dat literatuur vir graad 12, in ooreenstemming met die aangehegte nasionale VOO-literatuurkatalogus in 2017 geïmplementeer moet word.

3. Soos uiteengesit in DBO Omsendbrief S13 van 2015, bly die status quo vir die voorgeskrewe graad 12-gedigte vir alle amptelike huistale, eerste addisionele tale sowel as kortverhale vir amptelike eerste addisionele tale in skole vir die Nasionale Senior Sertifikaat.

4. Skole word versoek om VOO-literatuur vir graad 12 vir 2017 te bestel, in ooreenstemming met die riglyne in paragraaf 5 hieronder.

5. Wanneer skole literatuurboeke bestel, moet hulle aan die volgende KABV-vereistes voldoen:
   Vir huistaal: een roman en een drama. Vir Afrikatale, kan die roman met volksoorlewering vervang word. Indien addisionele kopieë van die huidige digbundel benodig word, moet skole dit bestel.

Vir eerste addisionele taal: enige twee van die genres: roman, digkuns, drama en kortverhale. Indien skole digkuns of kortverhale kies moet enige addisionele boeke ook dan bestel word.

Vir tweede addisionele taal: enige een van die genres: roman, digkuns, drama en kortverhale.

6. In sommige gevalle is slegs een titel vir 'n spesifieke genre beskikbaar. Dit beteken dat die skool nie 'n keuse het nie en dus die beskikbare titel moet kies.

7. In die volgende gevalle is daar geen literatuuropsies voorsien nie:
Afrikaans Huistaal: Geen drama opsies nie
Sotho Eerste Addisionele Taal: Geen drama of roman opsies nie
Sotho Tweede Addisionele taal: Geen genre opsies nie
Sotho Huistaal: Geen drama opsies nie

   Daar word van skole verwag om hulle bestaande literatuurtitels vir die bogenoemde genres te gebruik om die gapings te vul. Uittreksels uit die vorige VOO-literatuur katalogus word onder die aangehegte jongste VOO-literatuurkatalogus voorsien en sal skole help om die huidige literatuurtitels te identifiseer wat gebruik kan word om die gapings aan te spreek.

8. Die WKOD sal die koste van nuwe voorgeskrewe romans en dramas dra. **Addisionele bestellings van bestaande digbundels en kortverhale sal vir die rekening van die skool wees.**

9. Skole moet die aangehegte bestelvorm ten opsigte van die vereiste aantal VOO-literatuurboeke voltooi.

   Die aantal boeke wat vir elke gekose genre benodig sal word, moet aangedui word.

   Die voltooide bestelvorm moet teen Vrydag, 29 Julie 2016 aan Shameez.Gurah@westerncape.gov.za ge-e-pos word.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-07-20